PAARL AFRICAN TRUST

41 Sleigh Street, Langebaan, 7357
PO Box 153, Langebaan, 7357
+27 22 125 0400

Geagte Meneer/Mevrou/Mejuffrou

# Kom ons vergemaklik u administratiewe frustrasies

## Dokumente vir Beplannings en Veilige Bewaring

Ons by Paarl African Groep streef daarna om akkuraat en so volledig as moontlik te werk. Ons glo dat elke kliënt van ons vir ons net so belangrik is as wat ons vir onsself is en glo dat niemand met afskeepwerk tevrede is nie. Ongelukkig is ons so afhanklik van u om ons van u akkurate inligting te voorsien, anders gaan daar ongelukkig afskeepwerk plaasvind.

**Daar is ook R88 miljard in onopgeëiste finansiële bates, wat aftreevoordele, bankrekeninge, beleggings en versekeringsuitbetalings in Suid-Afrika insluit. Dit is elke persoon se eie besluit of hulle deel van hierdie statistieke wil word.**

Ons weet dit is vir meeste mense 'n onaangename taak om al hulle dokumente vir ons te stuur, maar ons verseker u dat finansiëel suksesvolle mense baie akkurate rekordhouding toepas en daardeur kan ons vir u baie spaar aan kostes en belastings en kosbare tyd. Kan u u indink dat u 'n persoonlike, trust of maatskappy dokument of inligting skielik benodig en weet ons is daar om dit vir u te stuur, sonder dat u verdere moeite hoef te doen.

Hier is die lys:

1. **Identiteitsdokument** – **Afskrif in kleur**, indien u 'n kaart ID het, die voor en agterkant op een bladsy **in kleur**, met drie handtekening van u daarop. Kleur hou langer, kom ons doen dit een keer klaar. Ons sal dit self beëdig, so moenie dit as beëdig aanstuur nie.
2. **Bewys van huisadres** – dit mag nooit ouer as 3 maande wees nie
3. **Bewys van u Bankrekening** – 'n brief wat u op u bank applikasie kan aanvra, maak seker dat dit gestempel is, dit mag ook nie ouer as drie maande wees nie
4. **Belastingnommer** – nuutste belastingaanslag **(ITA34)** en indien nie, enige dokument van SARS waarop dit voorkom.
5. **Aftreefonds Voordele en State** - maak seker dat dit u fondswaarde <u>**en**</u> versekerde voordele daarop aandui, somtyds is dit twee state.
6. **Testament** – afskrif van u huidige getekende testament.
7. **Bates en Laste** – ons het 'n bate en laste dokument wat u net kan invul.
8. **Mediese Fonds** – afskrif van u mediese fonds lidmaatskap sertifikaat.
9. **Gap Cover** – bestaande maatskappy, nommer en u plan waarop u is.
10. **Aandeleportefeuljes –** enige aandele en die hoeveelheid wat u besit
11. **Bestuurslisensies**
12. **Egskeidingsbevel en Skikkingsakte,** indien enige
13. **Familie se FICA / Kinders se geboortesertifikate**
14. **Huweliksertifikaat en -kontrak**
15. **Afskrifte van kwalifikasies**

16. **Paspoorte**
17. **Salarisstaat, die nuutste**
18. **Voertuig registrasie en voertuig lisensies**
19. **Vuurwapenlisensies**
20. **Titelaktes van eiendom(me)**
21. **Korttermyn versekeringsskedule en Eisegeskiedenis**
22. **Polisse en beleggings** – ons kan dit aanvra met die magtigings wat u vir ons gee, maar sal u in kennis stel as ons sekere inligting nie kan kry nie.
23. **Volmagte (Power of Attorneys)**
24. **Ouers se volle name en ID nommers** – selfs as hulle al oorlede is
25. **Afrifte van testament en likwidasie en distribusierekeninge van mense van wie u geërf het**.

Baie mense weet nie eers waar al hierdie dokumente van hulle is nie, maar met hulle in die hand kan ons belasting-, boedel-, egskeiding-, administrasie-, en nog heelwat ander kostes beperk. Ons wil graag ons kliënte se finansiële verwagtinge oortref.

Hier onder is ons QR-Kode met al ons inligting op, skandeer dit gerus om toegang te kry daartoe en u kan dit selfs op u foon se tuisskerm installeer.

Vriendelike groete

**Hendrik Janse van Vuuren**
**Fiduciary Practitioner of South Africa® | Certified Financial Planner®**
*Member of the Fiduciary Institute of Southern Africa Nr. F1686*
*Member of the Financial Planning Institute of Southern Africa Nr. 101891*